

NUUSVRYSTELLING

(vir onmiddellike vrystelling)

BEK-EN-KLOUSEER IN DIE MOLEMOLE DISTRIK VAN LIMPOPO

Die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) het met skok en verbasing kennis geneem van die gesamentlike persverklaring van die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling en die lewendehawe bedryf wat onder andere 'n tydelike verbod plaas op lewendehawe veilings in die Limpopo, Mpumalanga, Gauteng en Noordwes provinsies.

Die RPO besef die dringendheid om die nuwe uitbreking te beheer wat 'n kritiese impak op die ekonomie van landbou het. Die stop van veilings oor so groot area sal na ons mening nie 'n bydrae lewer om die probleem op te los nie, maar dit eerder vererger.

Sedert die uitbreking bekend geword het, was die RPO deel van die volgende aksies:-

- Die RPO was deel van die afvaardiging wat die Minister van Landbou byeen geroep het verlede week. Tekortkominge oor die hantering van bek-en-kloseer is aan die Minister uitgewys sowel as die negatiewe impak op die ekonomie. 'n Dringende beroep is aan die Minister gerig om kapasiteit by die nasionale en provinsiale Departemente op te skerp en bykomende fondse beskikbaar te stel om die probleem aan te spreek.
- Tydens 'n vergadering van die Rooivleisbedryfsforum die afgelope week, is besluit om namens die rooivleisbedryf aan te dring op 'n dringende afspraak met die Minister. Die doelwit van die vergadering sal wees om die verantwoordelikhede en pligte van die nasionale en provinsiale Departement van Landbou te bevestig, asook die regte van ander rolspelers in die bedryf.

- 'n Dringende vergadering gekoördineer deur die nasionale Dieregesondheidsforum word vanmiddag gehou met verteenwoordigers van veilingsagente.
- Die Tegnieese Komitee wat die Departement adviseer namens die bedrywe is deur die Minister heraktiveer en vergader Maandag, 18 November 2019. Die RPO is verteenwoordig op die werkgroep.
- Die Handelskomitee wat fokus om van vleis uitvoere en lewendehawe produkte vir uitvoere te bevorder, is ook deur die Minister heraktiveer.

Die RPO se standpunt is as volg:

- Die stop van lewendehawe veilings in vier provinsies skep paniek en sal nie op hierdie stadium die probleem help oplos nie.
- Die staat sal bek-en-klouseer met baie groter erns moet hanteer.
- Die wyse waarop die uitbrekings sedert Januarie 2019 hanteer is, is onaanvaarbaar.
- Die RPO is bereid om saam te werk en sal help om meer bedryfsfondse beskikbaar te stel.
- Die beweging van lewendehawe moet tot 'n minimum beperk word.
- Verdagte gevalle moet onmiddellik aan die staatsveearts gerapporteer word.
- Die RPO sal poog om produsente op hoogte te hou van verwickelinge in die verband.

Die RPO versoek dat inligting rakende die aangeleentheid so spoedig en korrek as moontlik deurgegee word ten einde produsente op grondvlak op hoogte te hou.

Bek-en-klouseer het geen impak op mense nie en dit is veilig om produkte van gesplete hoefdiere te verbruik soos byvoorbeeld vleis en suiwelprodukte.

- ooo O ooo -

Datum : 15 November 2019

Navrae :

Mnr Koos van der Ryst
Voorsitter
Selfoon : 083 303 7926

Mnr Gerhard Schutte
Hoof-uitvoerende Beampte
Selfoon : 082 556 7296